Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
**DIRK POSTMA**

# INFO 09/2026

22 Mei 2026

## Van die skoolhoof

**Psalm 1:3: "Hy is soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie."**

Ons het sopas 'n mooi Opedag agter die rug. Dit was 'n voorreg om die hart van ons skool vir die Gereformeerde gemeenskap oop te maak.

Psalm 1 teken vir ons die beeld van 'n boom wat by waterstrome geplant is. Dit is nie 'n boom wat toevallig daar opgekom het nie. Dit is geplant. Dit ontvang water. Dit groei stadig. Dit dra vrug op sy tyd. Sy blare verwelk nie, omdat sy wortels op die regte plek is.

So kyk ons ook na die kinders wat aan ons toevertrou is. Hulle is nie bloot leerders wat deur 'n skoolstelsel beweeg nie. Hulle is kinders van die Here, jong bome wat by die Waterstroom mag groei. Ons werk is nie net om kennis oor te dra nie, maar om te help vorm: wortels, stam, takke, blare en uiteindelik vrug.

En vorming is nie altyd maklik nie.

'n Boom wat sterk moet groei, word soms gesnoei. Jong takke moet gebuig en gelei word sodat die boom regop en sterk kan staan. Groei vra tyd, geduld, dissipline en volgehoue versorging. In 'n skool gebeur dit deur goeie onderrig, harde werk, verantwoordelikheid, diensbaarheid en tug. Dit gebeur wanneer 'n kind leer dat die lewe nie net oor hom- of haarself gaan nie. Dit gebeur wanneer 'n kind leer om deur te druk en om sy gawes in diens van die Here en sy naaste te gebruik.

Ons leef egter in 'n tyd waarin daar dikwels 'n ander prentjie van skoolwees geskets word. Opedae word gevul met blink liggies, vermaak, karnavalgees, swaaie en alles wat mooi, maklik en opwindend lyk. Natuurlik mag 'n skool vreugdevol wees. Kinders moet ook lag en speel en die mooi van skoolwees beleef. Maar as dit die hele boodskap word, verloor ons iets wesenliks.

Want geen boom word sterk deur net mooi versiering aan sy takke te hang nie. **'n Boom word sterk deur diep wortels, goeie grond, genoeg water, sonskyn, stormweer en soms snoeiwerk.**

Daarom wil ons by Dirk Postma nie 'n onwaar beeld van skoolwees voorhou nie. Ons sê nie: "Kom hierheen, alles gaan altyd maklik en lekker wees" nie. Ons sê eerder: "Kom hierheen, hier wil ons kinders leer werk. Hier wil ons hulle help om verantwoordelik en Godvresend te groei. Hier wil ons hulle toerus om die lewe vierkantig in die oë te kyk."

Ouers begeer dat hul kinders eendag eerlike, hardwerkende en Godvresende volwassenes sal wees. Dan moet ons ook die moed hê om vir hulle 'n skoolomgewing te gee wat sulke volwassenes vorm. Pret en vermaak alleen kan nie 'n kind voorberei vir sy roeping nie.

Die afgelope dekades het ons weer en weer gesien hoe die Here vrug gee. Uit hierdie skoolgemeenskap het jongmense in talle rigtings van die samelewing gaan dien: dokters, predikante, ingenieurs, onderwysers, aktuarisse, rekenmeesters, ambagslui, entrepreneurs en vele meer. Die Here gebruik elkeen op sy plek. Dit is slegs sy genade, en dit bevestig dat vorming, harde werk en 'n Christelike lewensbeskouing nie kinders terughou nie. Dit gee juis wortels.

Ons dank die Here vir 'n geseënde Opedag. Ons dank Hom vir elke ouer, kind, personeellid en ondersteuner wat saam met ons aan hierdie stuk grondgebied arbei. Mag ons skool 'n plek wees waar kinders by die Waterstroom geplant word; waar hulle wortels diep groei; waar hulle blare nie verwelk nie; en waar hulle, op die Here se tyd, vrug dra tot sy eer.



*Saskia Meijer*

## Beplanner

**22/05:** HS Netbal vs Akasia

**23/05:** LS Bulletjies by LS Monumentpark

**25/05:** LS 7's rugby vs Pinnacle Raslow te LS Villieria

**25/05:** LS Toetsreeks begin

**26/05:** LS Netbal te Laerskool Balmoral

**28/05:** Graad 7-gespreksaand

**30/05:** LS Bulletjies te LS Villieria

**01/06:** HS Eksamen begin

# ALGEMEEN

## Teetuin: ’n Reuse sukses en ’n mooi begin

Ons is baie dankbaar dat die teetuin by die Dopperspele ’n groot sukses was. Wat as ’n fondsinsamelingsprojek begin het, het uiteindelik ook ’n pragtige getuienis geword van wat ’n skoolgemeenskap kan doen wanneer elkeen sy deel bydra.

Baie, baie dankie aan elkeen wat op watter manier ook al gehelp het: aan dié wat finansieel bygedra het, bestanddele geskenk het, gebak en gebrou het, koffie geskenk en geskink het, gaste bedien het, opgeruim het, die geld hanteer het, blomme geskenk het of eenvoudig deur hul ondersteuning die dag moontlik gemaak het. Elke bydrae, groot of klein, het deel geword van ’n baie mooi geheel.

’n Besondere woord van dank gaan aan juffrou Anine Muller, wat al die toutjies bymekaar gehou het. So ’n projek vra baie beplanning, kommunikasie, rondhardloop, en kalm leiding op die dag self.

Deur die Here se genade en die ondersteuning van ons gemeenskap is **byna R20 000** ingesamel. Dit het alle verwagtinge oortref, en ons is werklik dankbaar.

Hiermee skop ons ook ’n groter fondsinsamelingsaksie af ten bate van die opgradering van die Verbruikerstudieklas. Hierdie klas benodig dringende opknapping. Die werkstasies moet oorgedoen word, die vloere moet geteël word, nuwe wasbakke moet ingesit word en die kombuiskassies moet opgeknap of vervang word.

Ons mikpunt is om **R250 000 vir fase 1** deur verskillende projekte in te samel. Ons het reeds by ander instansies, waaronder die Trust vir Afrikaanse Onderwys, aangeklop vir moontlike hulp, maar was ongelukkig nie suksesvol nie. Daarom lê hierdie taak nou voor ons as skoolgemeenskap se deur.

Hierdie fondse sal gebruik word om ses praktiese werkstasies meer funksioneel en duursaam te maak deur nuwe wasbakke, mengkrane, werkoppervlaktes, kassies, loodgieterwerk en ’n meerdoelige onderrig-/eilandarea aan te bring.

Ons is dankbaar dat ons reeds drie splinternuwe Defy-stowe as ’n skenking ontvang het en dat die ander drie stowe nog bruikbaar is. Dit beteken dat ons in hierdie fase veral op die infrastruktuur rondom die stasies kan fokus.


Die opgradering is noodsaaklik om ’n veilige en praktiese leeromgewing te skep waarin ons leerders vaardighede kan ontwikkel wat hulle vir die lewe toerus.
Indien ouers, oudleerders, besighede of vriende van die skool graag finansieel wil bydra, sal enige skenking met groot dankbaarheid ontvang word. U kan ook ’n spesifieke deel van die projek borg, byvoorbeeld ’n wasbak, mengkraan, werkoppervlak, kassie of selfs ’n volledige werkstasie.

Die teetuin het gewys dat ons gemeenskap nie net praat oor betrokkenheid nie, maar werklik bereid is om hande te vat en te bou.

Indien daar persone is wat graag finansieel tot hierdie projek wil bydra deur middel van ’n skenking, is u baie welkom om dit te doen. Gebruik asseblief die volgende verwysing:

**Verwysing: VS OPKNAP**

**Bankbesonderhede:**
Bank: ABSA Bank Beperk
Takkode: 632005
Rekeninghouer: Gereformeerde Skool Dirk Postma
Rekeningnommer: 90159801
Rekeningtipe: Tjek



## *Ons vir jou* musiekspel by AfriForum Teater

*Ons vir jou* is nie net nóg 'n musiekspel nie; dit is 'n reis van liefde, opoffering, hoop en die krag van saamstaan. Dis 'n viering van menswees: van die oomblikke wat ons breek tot die oomblikke wat ons weer opstaan, sterker as ooit. Elke lied, elke woord en elke emosionele toneel is ook jóú verhaal, jóú mense, jóú herinneringe.

Bespreek jou kaartjies by Jeske van der Walt by **jeske.vanderwalt@afriforum.co.za** of kontak **081 251 9617**
Korting vir groepe en skoolkinders!

**20 Mei - 21 Junie 2026**



## Nuwe gerief vir ouers

Baie dankie aan die Gouws-gesin wat die mees **westelike klaskamer** in die **Ark** pragtig ingerig het as ’n gerieflike werk- en wagplek vir ouers.

Hierdie ruimte is bedoel vir **ouers** wat van ver af kom en gedurende die dag ’n plek nodig het waar hulle ’n koppie koffie kan maak, ’n skootrekenaar kan inprop en rustig kan werk terwyl hulle vir hul kinders wag. Met die huidige hoë brandstofpryse is dit ’n baie praktiese en waardevolle oplossing vir ouers wat aan so ’n gerief behoefte het.

Ouers wat graag van hierdie ruimte gebruik wil maak, kan asseblief die hoof kontak sodat **toegang** vooraf gereël kan word. Neem asb kennis; daar is net beperkte plek en dit moet vooraf bespreek word.









# Kleuterskool

**Kalender:**

**29 Mei:** Lekkertjiedag
**25 Junie:** Oueraand






# Laerskool

## Bokkieweek-uitslae



**Gion van Niekerk** in graad 7 het op 2 en 16 Mei deelgeneem aan rugbyproewe om moontlik te kwalifiseer vir die Bokkieweek wat 6 – 10 Julie in Naboomspruit plaasvind. Ons is opgewonde om te deel dat hy dan ook verkies is vir die **0/13-span**. Veels geluk, Gion. Ons wens jou alles van die beste toe vir hierdie groot geleentheid.

## ATKV-redenaars

Baie geluk aan **Gary van Dyk** en **Willem le Roux** wat deurgedring het na die ATKV-redenaars se Semi-finaal wat op Vrydag, 29 Mei plaasvind by Hoërskool Menlopark.

Sterkte manne! Lekker praat!







Dit is amper
KONSERTTYD!
Sprokie vir 'n stadskind
Hou ons dop ...
VRYDAG
31
Julie
SATERDAG
1
Aug.
Wees sterk en vol moed


Die tiener
in my huis
GR.7
GESPREKSAAND
28 MEI
18:00, B3
Dr. Louisa Stoker
Kom wees deel van hierdie
informatiewe sessie
Wees sterk en vol moed

# Hoërskool

## Sportgebeure

Die **tafeltennisspan** het hulself oortref in die jaar se liga. Ons wag net vir die finale uitslae en sal dit dan deurgee. Welgedaan julle!

**Jukskei-oefeninge** het ook weer die week begin. Oefening vir laer- en hoërskoolleerders vind plaas op **Maandae** en **Woensdae** vanaf **14:00-15:00** by die HS se bane. Reël asb vroegtydig met tannie Carin Kruger indien jy op Woensdae katkisasie het en nie die oefening kan bywoon nie. Almal is welkom.

Dankie aan elke **ouer** wat ondersteun, rondry, tyd opoffer en geduld het met ons deelnemers. Al die ondersteuning word werklik waardeer!

## Afsprake tydens skoolure

Ons versoek dat ouers asseblief u kind se voogonderwyser ’n dag voor die tyd laat weet indien u kind ’n afspraak het binne skoolure, bv. vir leerlinglisensie, ortodontis ens. Ons wil ook vra dat, indien moontlik, afsprake na skoolure gemaak sal word.



GSDP se toneelgroep bied aan:

# HOE LYK 'N ENGEL?

**Gratis toegang vir kinders onder 7**

## 23 Julie 2026 | NG Kerk Waverley-Oos

## Dickensonlaan 1402 | 18:00

Die volgende leerlinge tree op: Alisha Drijfhout, Danika Venter, Rudy van Rooyen, Aiden Oberholzer, Anli Kruger, Imarie Linde, Annaliz Fouché, Liané Verhoef, Anna Bester, Jandré van Rooyen.

**R50 per persoon**. Slegs 300 sitplekke beskikbaar

Kaartjies beskikbaar op die webblad

**Die toneelgroep gaan met hierdie stuk na die ATKV-Tienertoneel**

**Wen Jou Wiskunde** bied onafhanklike, CAPS-belynde en skool-geankerde **wiskunde** ondersteuning aan vir leerders.

WEN JOU WISKUNDE!

CAPS-belyn, Begrip-gefokus.
Rapport-gereed.

Die doel is om wiskundige begrip te bou, selfvertroue te versterk en leerders **rapportgereed** te maak.

Klasse word in klein groepies aangebied om individuele aandag en **konsepbou** te versterk.

- Getalle, bewerkings en verwaniskappe
- Patrone, funksies en **algebra**
- Ruimte en vorm
- Meting
- Datahantering



Aangebied deur Juffrou Rachelle
BEd Grondslagfase | Honneurs in Leerderondersteuning

WEN JOU WISKUNDE!

wenjouwiskunde@gmail.com • 074 956 0796

**074 956 0796**

DOEN **AANSOEK**

# Oorweeg jy dit om in 2027 te werk én te studeer?

STUDIEAANSOEKE IS OOP

www.akademia.ac.za

# GONS MET KENNIS TUTORONDERRIG

Registreer nou vir 2026

Kwaliteit, privaat tutoronderrig deur 'n gekwalifiseerde onderwyser.
Tutoring beskikbaar in Afrikaans en Engels.

---

AANLYN & IN-PERSOON | WAVERLEY

---

**Laerskoolvakke:**

Wiskunde (Graad 1 – 5)

Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal

Engels Huistaal en Eerste Addisionele Taal

Sosiale Wetenskappe

Natuurwetenskappe

**Bykomende ondersteuning (Alle Grade):**

Lees-, spel- en skryfvaardighede

Studiemetodes en eksamenvoorbereiding

Kreatiewe kunsklasse om selfvertroue en uitdrukking te bevorder

**BUZZINGWITHKNOWLEDGE@GMAIL.COM**

Solidariteit Helpende Hand is **HONGER** vir **HOOP.**

# Wêreldhongerdag 28 Mei 2026




Wees die **hand** wat 'n **verskil** maak in jou gemeenskap én in 'n **kind** se lewe.

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING



# Snapscan Kodes

Snap here to pay
SnapScan

GSDP-SKOOLFONDS

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan

GSDP-BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

